NG WAVERLEY - OOS

Welkom

2de Kwartaal—Lydensweek 7

14 APRIL 2019

ONS VISIE:

"Ons is God se gehoorsame kinders wat deur geloof, hoop, liefde en diens 'n veilige hawe bied en uitreik na almal".

OGGENDDIENS—09:00

Liturg: Dr Joekie Laas

Skriflesing: Lukas 19 : 28—44

Tema: "Ons tye is in U hand, Here"

BEVESTIGING VAN KERKRAADSLEDE

GESINSAANDDIENS—18:00

Liturg: Dr Joekie Laas

Skriflesing: 2 Korintiërs 9 : 1—15

Tema: "Wie karig saai, sal karig oes; wie volop saai, sal volop oes"

INHOUD:

Kerkraad	2
Vandag	2
Voorbidding	3
Nuusbrief, Uitgawe 1	3
Gemeente Gholfdag	3
Kontakbesonderhede	4
Weekprogram	4

ONS JAARTE-MA:

"Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes."

2 KORINTIERS 9 : 6

'n **Hartlike dankie** aan elkeen wat hard gewerk het met al die voorbereiding van die **Koebaai, Koos, Koebaai** verhoogproduksie wat die afgelope Vrydagaand plaasgevind het. Dankie ook aan diegene wat die aand saam kom kuier en geniet het! Dit was 'n groot sukses en baie spesiaal.

Adri Vorster &
Keith Pretorius
(Koördineerders)

KERKRAAD

Die volgende lidmate word vandag, tydens die oggend-diens, bevestig in die amp van ouderling binne die Diensraad Pastoraat:

1. JAG (Bossie) Boshoff
2. JC (Poppie) Boshoff
3. HC (Hennie) Kruger
4. JD Swanepoel
5. CE (Christine) Theron
6. A (Anette) Truter
7. M (Maria) van Niekerk
8. JA (Adri) Vorster

Die volgende lidmaat word bevestig in die amp:

S (Steffie) Erasmus Diaken Onder-Voorsitter Diensraad Barmhartigheid.

Seën word hul toegebid met hul bedieningstaak.

VANDAG SE PROGRAMME

Babakerk (0-2jr)	**09:00**	Wiegkamer
Kleuterkerk (3-6jr)	**09:00**	Kleinsaal
Kinderkerk (Gr1-6)	**09:00**	Grootsaal
Junior Kategese (Gr1-6)	**09:00**	Grootsaal
Koffie/Tee	***10:00***	***Vierkant***
Uitreik Biduur	***16:15***	***Grootsaal***
Gesinsaanddiens	**18:00**	Kerk
Senior Kategese (Gr7-10)	**18:45**	Grootsaal
Belydenisklas (Gr 11)	**18:45**	Dienssentrum

BIDOUERS : BELYDENISKLAS 2019

Die Kerkraad het 'n paar kerkraadslede as bidouers aangewys vir bystand aan die jongmense wat vanjaar die belydenisklas bywoon. Die bidouers en belydenisklas leerders word vanaand tydens die Gesinsdiens bekendgestel aan die Gemeente.

ONS DINK IN ONS GEBEDE AAN

Al die lidmate (wat nie by name genoem wil word) wat siek is, behandeling ontvang, aansterk na operasies, hartseer is, of trauma beleef.

GEBEDSVERSOEK : UITREIK

"Global Media Outreach" deel die evangelie aanlyn met meer as 1,8 miljoen mense. Met 91% van alle mense wat binne die bereik van 'n selfoontoring woon, kan tegnologie mense in lande bereik waar sendelinge nie kan of mag gaan nie en word mense gehelp om geestelik te groei in plekke waar die noem van Jesus se naam tot die dood kan lei. Jy kan by hul 9000 opgeleide vrywilligers aansluit. Prys God vir die 200 miljoen mense wat Jesus deur hul webblad ontmoet het. Bid vir die ontelbare miljoene mense wat desperaat opsoek is na die waarheid. www.tiny.cc/wb15

GEMEENTE NUUSBRIEF

Dit is met genoeë dat die eerste uitgawe van ons Nuusbrief vandag bekendgestel word, en as 'n vergunning ingesluit is by die afkondigingsblaadjie.

Aangesien ons oral waar moontlik moet bespaar, en die afleweringsposbusdiens onbetroubaar is, gaan die toekomstige nuusbriewe per e-pos gesirkuleer word aan gemeentelede. Stel asb die kerkkantoor by admin@ngwaverleyoos.co.za in kennis van u huidige e-pos adres om te verseker dat u dit wel sal ontvang.

Onthou ook om u kontakbesonderhede (landlyn-; selfoon; of adresverandering) asb deur te stuur aan die kerkkantoor sodat die nodige aanpassing gemaak word.

GEMEENTE GHOLFDAG—23 MEI by Pebble Rock

Daar is vandag **in die vierkant ná die oggenddiens** vir u geleentheid om by die Gholftafel aan te meld vir INSKRYWINGS | DONASIES | PRYS wil gee vir die prysuitdeling | óf 'n bof wil BORG. *Dankie. UB Keith Pretorius.*

NG WAVERLEY - OOS

KERKKANTOOR:
Dickensonlaan 1402
Waverley, Pretoria
0186

Tel: 012 332 1951
Faks: 012 332 1831
URE : 09:00 - 14:00 (Ma-Vr)

BANKBESONDERHEDE
NG Waverley Oos
ABSA Tjekrekening
1430 580 546
TAKKODE : 632005

Webtuiste:
www.ngwaverleyoos.co.za

Vind ons op Facebook:
www.facebook.com/
ngwaverleyoos &
/eventswaverleyoos

KONTAKBESONDERHEDE:

LERAAR:
Dr Joekie Laas 083 258 2668 / 012 332 0923
E-pos : joekie@ngwaverleyoos.co.za

KERKRAADVOORSITTER:
Oudl Etienne Fourie (082 326 4305)

LEIER OUDERLING:
Eugene Abrahamse (082 371 1710)

LEIER DIAKEN:
Frans Clase (082 466 6097)

UITVOERENDE BEAMPTE:
Keith Pretorius (078 296 4596)
E-pos: finansies@ngwaverleyoos.co.za

SEKR / ADMIN BEAMPTE:
Nolene Theron (076 910 0488)
E-pos: admin@ngwaverleyoos.co.za

WEEKPROGRAM

Di.	**16 Apr**	**09:00**	Lig tot Lewe Bybelstudie	Dienssentrum
Wo.	**17 Apr.**	**18:30**	Rockwood Komitee	Dienssentrum
Do.	**18 Apr.**	**19:00**	Paasnagmaaldiens	Kerk
Vr.	**19 Apr.**	**08:00**	Paaswydingsdiens	Kerk
PAASNAWEEK 19—22 Apr.			Kerkkantoor GESLUIT	